# Nuusbrief
September 2022

CROSSROADS PRISON MINISTRIES SOUTH AFRICA

**Eindelik Lente!**

Hoe wonderbaarlik is God se skepping nie? Om weer bewus te word van alles wat weer nuwe lewe kry is 'n wonderwerk op sy eie. Mag elkeen dan ook weer nuwe krag daaruit put vir die laaste pylvak van die jaar.

***"Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van Sy hande!."*** *Ps 19:1*

## ZONDERWATER IN DIE KOLLIG

Die Zonderwater Korrektiewe fasiliteit is in die omgewing van Cullinan geleë. Die kompleks het ook 'n baie besonderse uitleg wat maklik vanuit die lug herken sou kon word.




*Zonderwater med A links, sirkel gebou.*
*Zonderwater med B regs, reghoekige geboue*

In 2018 het die inwoners 'n 7 duisend vierkante meter beeld gevorm met gebreide komberse wat julle hierbo kan sien! Dit was ten bate van Mandeladag feesvieringe.
Daar is ongeveer 3500 inwoners in hierdie fasiliteit waar daar ook baie gesukkel word met oorbevolking. Dit bly steeds 'n uitdaging vir alle tronke in Suid-Afrika. Verreikende aktiwiteite word ook hier aangebied. Dit is ook moontlik om vir 'n aantal kursusse in te skryf. Sport, veral sokker, word hier be-oefen en is deel van die tronk se rehabilitasie en herintegrerings programme.
Oos van die tronk is daar ook 'n groenteplaas, en word landbou en veeteelt bedryf.

Daar is tans sowat 31 Crossroads studente verdeel tussen Zonderwater A en B.

## WELKOM BY DIE CROSSROADS SPAN:



Ons verwelkom graag vir ***Willemien Schoombee*** wat bereid was om die direksie te kom ondersteun in die taak wat hulle opgelê is. Willemien gaan sterker bande met al die betrokke gemeentes opbou en ook uitreik na nuwe gemeentes. Ons glo van harte dat sy 'n groot aanwins vir Crossroads Suid-Afrika sal wees!

## KERSFEES BOEKIES:

Sommige van julle mag dalk bekend wees daarmee, ander nie, maar elke jaar stel ons 'n "aktiwiteit boekie" saam vir ons studente. Gedurende Desember en vroeg Januarie het ons nie toegang tot die tronke nie. Dit is 'n lang tyd wat die studente dan geen lesse kry nie en ons kan hulle ook nie besoek nie. Om hierdie tydjie 'n bietjie draagliker te maak, stel ons 'n boekie saam met inspirerende artikels, christelike gedigte asook blokkiesraaisels of woordsoekers vir die studente om te doen. Graag wil ons dan 'n beroep op julle doen om asb ook in hierdie opsig by te dra!
Die tema hierdie jaar is lofprysing en dankbetuiging teenoor God. Indien u enige Engelse, kort gedigte of artikels het wat hierby sal pas, kan u dit gerus vir my aanstuur! Blokkies raaisels en so meer in Engels is ook welkom! (nie noodwendig tema-gebonde nie).




Verder het ons 'n borg ontvang vir die afrol van die boekies... Maar ons moet self die papier verskaf. Indien enige-iemand 'n pak papier wil of kan skenk, sal dit BAIE gaaf wees! Ons moet 700 boekies maak! Laat gerus van julle hoor!

## SERTIFIKAAT SEREMONIE BY PRETORIA CENTRAL FEMALES!

Donderdag 22 September was beslis 'n dag om te onthou vir al die Crossroads dames studente! Twaalf van ons studente het sertifkate ontvang waartydens hulle ook met koffie en kolwyntjies getrakteer is. Marlien van Heerden het toiletware aan die gevorderde studente uitgedeel en die ander dames het 'n nota boekie en pen ontvang.



*Marlien van Heerden deel sertifikate uit saam met Kaptein Connie Mogoboya*





*Mari Spoelstra het Marlien vir die dag bygestaan.*

Die Crossroads Span

## *Wil u dalk 'n bydrae maak?*

Ons het gereeld skryfbehoeftes, papier, Bybels en so meer nodig. Indien u enige iets aan ons wil skenk, kan u ons gerus kontak en reelings tref. U kan ook 'n finansiële bydrae maak om sodoende te help om van die kostes te dra. Gebruik die snapscan ikoon hiervoor, alternatiewelik verskyn ons bankbesonderhede ook hierby. Ons bedank ook graag almal wat reeds 'n bydrae aan CPM maak!

Bank details vir CPM: FNB Cheque rek 62819516066 Tak: 250655